

Sondag 7 November

Skrifgedeelte: Jesaja 8:23 –
11:10

Fokusgedeelte: Jesaja 9:1

Christus: God se lig in die duisternis

Donker en lig is konsepte wat gereeld in die Bybel gebruik word. Donkerte of duisternis word gebruik vir moeilike omstandighede of die sonde waarin die volk van God verval het. Maar aan die ander kant is daardie lig, die suiwer, sigbare genade wat van God afkom, wat hierdie donkerte wegdryf. God se volk het in duisternis geleef omdat hulle teen God gesondig het. In hierdie ellendige toestand waarin die volk hulleself bevind, stuur God 'n boodskap van verlossing. Sy gesant, Jesaja, verkondig die redding van die Here: *“Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien. Oor die wat in die donker land was, het 'n lig geskyn”* (Jes. 9:1). Die Seun van God, Christus, gaan kom. Die lig van God gaan kom skyn.

Ons weet al hoe lyk hierdie lig van God. Christus het hom reeds aan ons openbaar op 'n wonderbaarlike manier. In hierdie donker wêreld raak ons vasgevang in die sonde, ons eie sonde. Dan raak die donkerte al hoe meer. Die goddelose dinge wil ons toevou. Maar God se lig skyn al meer deur in hierdie donkerte in. Al minder gelowiges val in die donkere rond en so sal die donkerte tot 'n einde kom. Christus sal weer kom om die duisternis finaal weg te neem sodat ons vir ewig in die heerlike lig kan leef.

Tog kan ons nie net sit en wag vir hierdie dag nie. Ons moet ook nou al leef soos mense wat hierdie lig in ons lewens het. Hierdie lig, al is dit so bietjie dof met tye, moet deur ons doen en late uitstraal in die wêreld in. So sien ons met verwagting uit wanneer ons in die Ewige Lig sal leef.

Sing: Psalm 130-1:1, 4

Ds. J Cronje (Jaco) Aliwal-Noord